

Vreugde vir gelowiges uit alle nasies; oordeel vir ongelowiges (66:18-24) – Francois Malan

66:18-21 is 'n blik op die Here se toekomsvisie, die vestiging van sy alleenheerskappy. Dit word in prosa aangebied.

66:18 Die Here kom om bymekaar te maak. Die Here wat die nie-Israeliete, ontmandes en verstrooides van Israel bymekaar maak (56:1-8) sal al die nasies en al die tonge (taalgroepe) bymekaarmaak om almal onder sy koningsheerskappy te buig en sy heerlikheid te sien. Hy ken elke mens se werke en gedagtes. Die 'hulle' verwys waarskynlik na die oortreders van vers 17, maar volgens 62:11 kom Hy ook om die getroues te red. Dit gaan ook nie net oor die getroues in Israel nie, maar gelowiges uit al die nasies. Gelowiges en ongelowiges sal sy heerlikheid sien. Vir gelowiges tot vreugde. Vir ongelowiges tot uitsluiting.

66:19 En Ek plaas 'n teken op hulle – 'n teken van sy oordeel, soos op Kain (Gen 4:15) en 'n kenteken van sy eienaarskap op sy toegewydes, soos die bloed op die kosyne in Egipte (Eks 12:13). Uit dié wat die oordeel ontsnap het stuur die Here sendelinge na die nasies toe, soos op Pinksterdag (Hand 1:8); Tarsis in die verre weste (in Spanje?), Pul en Lud in die suide (in Afrika), Tubal in die noorde (Kaukasus), Javan (Griekeland), ver eilande (gesien as die verste plekke) – om die hele wêreld as hulle sendingveld aan te dui (vgl. Hand 1:8 tot in die uithoeke van die wêreld). Hulle moet die Here se heerlikheid onder die nasies gaan verkondig, dat die ewige God by die nederiges en berouvolles is (57:15). Reeds in 40:5 het die Here gesê: al wat leef (alle vlees) sal die heerlikheid van die Here sien. Dit was sy doel met die terugkeer van die

ballinge van die begin af.

66:20 Die sendelinge sal al 'julle broers uit al die nasies bring as 'n offer aan die Here – die woord broer word gebruik vir bloedbroers, stamgenote, geloofsgenote, ens. Dit kan verwys na die Jode in die verstrooiing, maar die 'uit al die nasies' lyk meer na geloofsgenote wat gebring word na 'my heilige berg Jerusalem'- waar die offers gebring word sedert die Here 'n offerlam vir Abraham en Isak op Moria voorsien het (Gen 22:2,8,13-14; op Moria het Salomo die tempel gebou, 2 Kron 3:1) – en Jesus is op Golgota buite Jerusalem gekruisig vir die sonde van die wêreld as God se offerlam wat al die vorige offers vervang (Joh 1:29; 1 Kor 5:7). Die profeet-skrywer sien 'n groot rituele optog van mense met alle soorte vervoer denkbaar om hulle aan die Here te gaan onderwerp. Hulle word as gereinigdes in die tempel ingebring soos die Israëliete hulle offerande in 'n skoon skottel in die huis van die Here inbring (1 Joh 1:7 die bloed van Jesus reinig ons van elke sonde; Joh 15:3 Julle is reeds skoongesnoei (-1983vertaling: reg gesnoei – deur die woorde wat Ek vir julle gesê het)).

66:21 'En Ek sal ook uit hulle neem as priesters en Leviëte, sê die Here' – uit die heidennasies wat gereinig na Jerusalem kom sal die Here priesters aanstel om die Jode se heilige offers te bring en uit die nasies Leviëte aanstel om die Joodse wet uit te lê vir die nuwe volk van die Here. Die tempel sal waarlik 'n huis van gebed vir al die volke word (Jes 56:7 aangehaal in Mat 21:13; Mark 11:17; Luk 19:46), soos die Here al aan Abraham belowe het (Gen 12:3 in jou sal al die volke van die aarde geseën wees).

66:22 In die laaste drie verse van die boek (22-24) word temas wat voer uitgewerk is, herhaal. Die leser word herinner aan die nuwe hemel en die nuwe aarde wat die Here sal maak (65:17), die heerlike visie van die Here se nuwe skepping waar Hy alleen sal regeer oor 'n ten volle geneesde samelewing en heelal. Aan hulle nageslag verbind Hy die ere naam Israel

(letterlik: jou saad en jou naam; vgl. Gal 6:16; Rom 11:25-26). Aan die uitverkorenes, die nuwe verbondsgemeenskap, word hulle voortbestaan en hulle diens as dienaars van die Here gewaarborg as deel van die voortbestaan van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die Nuwe Testament se ewige lewe word nog nie hier uitgespel as 'n nuwe lewe waarin God nou reeds in die gelowige woning maak en wat tot in ewigheid duur nie, maar hier word aan die nuwe Israel se samelewing 'n voortbestaan deur hulle nageslag belowe. Dit is egter 'n profesie wat in Jesus se oorwinning oor die sonde en die dood en die gawe van die ewige lewe ten volle gerealiseer word (Joh 10:27-29; 1 Petr 1:3-4,23).

66:23 Die vers herhaal die groot inklusiewe visie van verse 18-21 dat alle vlees, alle volke, nasies en tale welkom is in die erediens. Vers 21 sluit gelowiges uit die nasies in om selfs die leiers te word by die feeste van die Jode. 'Van 'n nuwe maan tot sy nuwe maan' – beteken elke dag van die maand, 'en van 'n sabbat tot sy sabbat' – elke dag van die week, 'sal alle vlees kom om hulle neer te buig voor My, sê die Here' (vgl. Sagaria 14:16). Dit veronderstel die Here se blywende teenwoordigheid en die doel van aanbidding is om sy teenwoordigheid op te soek by alles wat jy dink en sê en doen. In Mat 28:20 belowe Jesus: 'En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (vgl. Haggai 1:13). Joh 14:16: die Vader sal vir julle 'n ander Parakleet (voorspraak, pleitbesorger, trooster, helper) gee sodat Hy vir ewig by julle kan wees; Joh 14:23: As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.

66:24 Wanneer hulle uitgaan (uit die stad Jerusalem) sal hulle die lyke sien van die mense wat teen die Here gerebelleer het, want hulle wurm (wat eindeloos aan hulle liggaam vreet) sal nie vrek nie, en hulle vuur (in hulle binneste) sal nie geblus word nie; en hulle sal 'n afsku wees vir alle vlees' – die woord afsku word nog net in Dan 12:2 in die OT gebruik. Die

boek sluit af met 'n ernstige waarskuwing teen enige rebellie teen God, want dit lei tot 'n ewige verdoemenis wat geen end het nie, en 'n volle skeiding tussen die dienaars van die Here en sy vyande (vgl. Lk 16:26). Die skeiding maak die stad oop vir die pelgrims uit die nasies om die Here te kom aanbid. Die boek met sy blye boodskap van verlossing is ook 'n woord van oordeel oor dié wat nie by Hom redding soek nie, nie sy uitnodiging tot die gratis oorfloed van Jes 55 aanvaar nie (vgl. Jes 1:18-20).

[In een van die Hebreuse manuskripte van Jesaja het die skrywer 'n nota aangebring dat vers 23 na vers 24 herhaal moet wanneer die boek in die sinagoge gelees word, om so die gif van vers 24 te oorkom]

Die finale woorde van die boek Jesaja vertoon 'n diepgaande spanning tussen grootmoedige inklusiwiteit in Israel wat mense uit alle nasies insluit in die geloofsgemeenskap en 'n intense gevoel van eksklusiwiteit wat alle ander nasies en afwykings wegwys. Dit het ook in die vroegste kerk al kop uitgesteek met die klag van die Griekssprekende Jode teen die Arameessprekende Jode omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is (Hand 6:1), in Petrus se reaksie op die groot linnedoek vol onrein diere wat hy moes slag (Hand 10:14) en dat hy hom toe moes verweer teen die ander apostels en Joodse Christene omdat hy saam met onbesnede mans geëet het (Hand 11:1-3). Paulus moes vir Petrus en Barnabas skerp tereg wys omdat hulle eers saam met die heidene geëet het, maar toe Jerusalem-mense van Jakobus daar in Antiogië aankom, het hulle hulle teruggetrek en afgesonder van die christene uit die heidendom (Gal 2:11-16).

Paulus het gesê: Daar is nou nie meer Jood of Griek (nie-Jode) nie, nie meer slaaf of vryman, nie meer man of vrou nie, want julle almal is één in Christus Jesus (Gal 3:28; Kol 3:11).

Jesus het gebid: Vader, Ek bid dat hulle almal een kan wees, net soos U, Vader, in My en Ek in U; en dat hulle ook in Ons

kan wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volledig een kan wees en die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het, net soos U My liefgehad het...sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees en Ek in hulle.’ (Joh 17:20-23,26b).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Here versorg sy kinders en straf die vrome goddeloses (66:6-17) – Francois Malan

66:6 ‘n Stem van rumoer uit die stad; ‘n stem uit die tempel; die stem van die Here; Hy is besig om vergelding uit te deel aan sy vyande.’

In verse 1-5 is ‘n duidelike onderskeid getref tussen regte gehoorsaamheid en onverantwoordelike aanbidding. Die verdeling is ook om die nederige boetvaardiges (v2) te bevestig, wat in ontsag voor die woord van die Here bewe (vv2,5), en dié wat afskuwelikhede bedryf (vv3-4) te waarsku. Die teruggekeerde gemeenskap is diep verdeeld in strydende partye. Dié twee groepe wat so in verse 1-5 beskryf is, word nou gekonfronteer met die Here se streng en vasbeslote ingryping waardeur elke groep sy verdienste kry. Dit word aangekondig met die blaas van trompette soos van ‘n invallende leërmag wat aangemarsjeer kom. Dit kom uit die stad, uit die tempel, daar waar die mense dink dat die Here sou bly – Amos 1:2 sê: ‘die Here se stem

brul uit Sion, Hy laat sy stem uit Jerusalem hoor.' Die hele aarde, en die geloofsgemeenskap in die besonder, gaan onderwerp word aan die Here se deurtastende beoordeling met toepassing van sy beslissings.

Verse 7-14a gee die positiewe uitspraak oor dié wat aan die Here toegewy is in hulle aanbidding en gehoorsaamheid. Die aankondiging geskied met die ophoping van verskillende beelde:

66:7-9 Die nuutheid sal 'n skielike wonderbaarlike geboorte wees, teen alle normale prosedures en verwagtings, slegs deur die krag van die Here. Iets heeltemal nuuts gaan gebeur. Dit geskied teen die agtergrond van die onvrugbare vrou se hopeloosheid en uitsigloosheid (Jes 54:1). Die Here gaan nou die onvrugbaarheid van die toegewyde Jode omkeer. In vers 9 word die Here as die vroedvrou geteken. Hy, die Skepper, gaan onverwags iets nuuts skep, 'n nuwe nasie lojaal aan Hom (vgl. Jer 31:31-34 se nuwe verbond; 2 Kor 5:17-19 se nuwe mens).

66:10 en 14a Die nuwe skepping sal uitbundige vreugde ontlok, deels uit blote verbasing oor die nuutheid en deels oor die nuwe lewe self. Die vreugde word in die gedig verbind aan die geboortemetafoor. So word vreugde en rou verbind aan geboorte en onvrugbaarheid. Die moeder wat haar suigeling voed, is vervul met blydskap en verwondering, soos in 40:1: die uitkoms is hier! Letterlik: troos, troos my volk. So belowe Jesus vir sy dissipels vreugde oor sy opstanding en die koms van die Heilige Gees (Joh 16:20-22).

Vers 14a gebruik 'n ander beeld: 'Julle sal sien en julle harte sal bly wees en julle bene (julle hele wese) sal blom soos gras wat uitspruit – die wonder van die sagte gras wat deur die harde kors van die aarde deurbreek ná die reën. So het die ongelowige Tomas in verwondering en blydskap sy geloof bely in die opgestane Jesus: My Here en my God! (Jn 20:28) en het Paulus, die fanatiese vervolger (Gal 1:13-14), gevra: Wie is U Here? (Hand 9:5; Gal 1:15-16) .

66:11-12 Die beeld van 'n baba wat aan die ma drink word weer gebruik, soos 'n kind wat genoeg drink by sy ma tot vertroosting, sodat julle mag drink en vreugde put uit die oorfloed van haar heerlikheid. In vers 12 gaan die beeld oor na die leiers van die nasies wat kinder-oppassers word soos die Here in 60:16 gesê het. En dan verander die beeld na 'n rivier. Die Here sal *sjalom* soos 'n rivier na Jerusalem laat vloei en die rykdomme van die nasies soos 'n rivier wat sy walle oorstrom. In dié verband wys *sjalom* nie in die eerste plek na vrede nie, maar na die voorspoed en welsyn wat na Jerusalem sal stroom deur die genadige ingryping van die Here – so radikaal anders as wat hulle die afgelope 100 jaar ná die ballingskap beleef, vgl. 60:5-11; 61:5-7; vgl egter Maleagi 3:6-12; 4:2, wat in hierdie tyd van Nehemia geskryf is. Die metafoor van 'n stroom wat die rykdomme aandui word ook verbind aan die beeld van 'n oorfloed vir die sogende baba, wat daarby op die arm gedra en op die skoot van die ma getroetel en gewieg word.

66:13 Hier identifiseer die Here Hom met die ma wat haar kind vertroos en vertroetel. Die beelde vertel van die Here se liefdesverhouding tot die groep in Israel, wat, soos 'n baba aan die ma drink, so by Hom hulle voedsel en sorg kom soek. Hulle is in 65:13-14 reeds sy dienaars genoem. Die reeks metafore beklemtoon die intieme verhouding van die Here met sy dienaars, met die troue liefderyke sorg van 'n moeder as die beeld van die nuwe verhouding wat die Here skep.

66:14a is reeds saam met vers 10 se vreugde bespreek. Maar die mikpunt met die vreugde wat die Here gaan skep is dat die nasies sal sien dat die seënende en bewarende hand van die Here op sy dienaars rus.

Verse 6b, 14b-16 is egter 'n bevestiging van die Here se dreiging teen diegene wat die Here spot en uitdaag en gruweldade beoefen, soos in verse 3-4 uitgespel is. Die dag van afrekening (v6) van die Here se straf op sy vyande (v14b) het gekom. Hy kom in vuur en strydwaens soos 'n stormwind, met

die swaard (v15-16) kenmerkende beelde vir die Here se verskynings (Jes 29:6; Ps 50:3; vuur in die braambos in Eks 3:2; op Sodom en Gomorra in Gen 19:24; op Karmel in 1 Kon 18:38; strydwaens soos 'n stormwind in Jer 4:13; Amos 1:14; Spr 10:25; die swaard van die Here in Jes 34:6; Rig. 7:20; Jer 12:12; 47:6).

Soos die seëninge van die Here in vers 12 ingelei word met 'Kyk!' om op te roep tot besondere aandag, word die vervloeking van die Here in vers 15 ook met 'Kyk!' ingelei (Kyk, is nie in die vertalings opgeneem nie). Die twee rye terme: My dienaars sal eet-drink-bly wees-sing, maar julle sal honger-dors-beskaamd wees-huil, praat van 'n lewe in die seën en 'n lewe onder die vloek van die Here; van materiële dinge en insluiting of uitsluiting. Alle aspekte van die lewe staan onder die Here se seën of sy vloek. Joh 3:36 sê: Wie in die Seun glo het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op Hom.

66:17 sluit die strafgedeelte af met 'n herhaling van die sondes wat in 66:3-4 en 65:3-4 beskryf is. Die tuine word gesien as plekke van hulle selfbevredigende 'aanbidding.' Dit is hulle wat, teenoor vers 11 se beeld van moeder en kind, gaan drink aan die onsedelikhede van die afgodsfeeste in die tuine (65:3), wat kies om in selfbelang hulle eie pad te volg. Daar, in die tuine van die afgode, is die heiligheid van die Here totaal afwesig. Hoofstuk 65:4 se eet van varkvlies as die toppunt van hulle oortredings, word hier vererger met die eet van muis. Dit gaan om hulle rituele onreinheid waaraan hulle, sonder om goed daaroor te dink, trots deelneem, en die hele samelewing daarmee in gevaar stel. Ironies reinig hulle hulleself vir hulle optog na die tuine om daar deel te neem aan die heidense onreinheid. Saam vertoorn hulle die Here met hulle optrede en sal almal saam uitgeroei word.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Ek kom! (Jes 66:1-5) – Francois Maľan

Na die visie van hoop oor die nuwe skepping van die Here vir hulle wat die Here soek (65:17-25), beskryf die moeilike hoofstuk 66 die twiste in die ontwakende Judaïsme. Hoewel die wonderlike visie van die Here se nuwe toekoms vir Israel deur almal met blydschap verwelkom moes word, het die verskillende reaksies daarop 'n ernstige verdeelheid in die gemeenskap geopenbaar. Hierdie hoofstuk wat uit kleiner segmente saamgestel is, getuig van die breuke en twissieke aard van die gemeenskap wat hier aangespreek word.

66:1-2a So sê die Here: 'Die hemel is my troon en die aarde die voetstoel vir my voete' – die Here gebruik die ganse skepping as sy werks- en rusplek, Hy is orals teenwoordig. Hy is ook die bouer van die hemel en die aarde: 'want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het al hierdie dinge ontstaan,' sê die Here ('Die Ek is' die aktief teenwoordige). 'Waar is daar dan 'n huis wat julle vir My kan bou? En waar is die plek van My rus?' – as die hele skepping my handewerk is en my werks- en rusplek is, waar is die mensgemaakte huis waarin julle My wil inperk? (vgl. 1 Kon 8:27). Die Here maak beswaar teen die klem op 'n plek wat die eksklusiewe reg sou hê op die Here se teenwoordigheid. Juda het al meer 'n kultiese gemeenskap geword, wat uit enige politieke mag en seggenskap uitgesluit is. Hulle staan onder die Persiese koning en sy regering, waaraan hulle niks kan doen nie. Daarom het die regte manier van erediens oorgebly as 'n ernstige onderwerp van bespreking en menigsverskil. Dit is 'n waarskuwing aan die

kerke dat elke kerk se liturgie en leerstellings en morele eise nie die laaste woord is nie.

66:2b 'maar Ek sal kyk na 'n nederige (arme van gees) en berouvolle gees en wat ontsag het (bang, bewend van vrees) vir my woord.' Teenoor dié wat hoogheilig is in hulle godsdienste, iets wat die Here kwaad maak (65:5), gee Hy liefderyke aandag aan die nederige berouvolles voor Hom en sy woord. Daarmee wys die Here alle godsdienstige aansprake af en alle eensydige aansprake namens en in die naam van die Here. Die woord van die Here is belangrik eerder as die plek van aanbidding of die offers. In die nuwe stad is die tempel en die tempeldienste nie die wesenlike en noodsaaklike nie, maar die skeppende krag en leiding en teenwoordigheid van die Here (vgl. Openb 21:3,22) by die nederige aanbidders (Jak 4:6; 1 Petr 5:5) wat smag na die woord van die Here om daarvolgens te lewe (1 Petr 2:2) in die stad met sy oop poorte vir almal wat wil kom (Jes 60:11; Mat 11:28-30; Gal 3:26-29).

66:3-4 Ná verse 1-2 se teenstelling tussen die Here se teenwoordigheid en hooghartige godsdienstebeoefening volg hier skerp kritiek op die slegte en verkeerde godsdienstebeoefening. In verse 3-4 kom die woord 'kies' (*bachar*) drie maal voor: Israel het hulle eie pad gekies – nou kies Ek ongeluk vir hulle – dit waarin Ek geen vreugde het nie het hulle gekies (1983 vertaal: hulle het besluit om hulle eie kop te volg, Ek het besluit dat hulle gestraf moet word, hulle het gekies vir wat My nie aanstaan nie).

'n Lys wettige offers volgens die Torah word geïdentifiseer met ander wat verbied is: offer van bulle (Lev 1:3-5) – offer van mense (Jes 57:5; Jer 7:32; Lev 24:17-21; Deut 27:24-25; offer van 'n lam (Gen 22:7-8 – breek van 'n hond se nek (Eks 34:20 donkie); graanoffers (Lev 2) – varkbloed (Lev 11:7-8; Dt 14:8; Jes 66:17); wierook (Eks 30:34-35) – seën van 'n afgod/'n niks (of: seën met 'n afgod se naam). Die mense wat die wettige offers bring word voorgestel asof hulle afskuwelike offers bring; en waarskynlik dit ook doen. Verder

word geïmpliseer dat die ou offers nie meer 'n plek het in die nuwe Jerusalem nie (Mark 2:22 om te vas pas nie meer in die nuwe bedeling nie – nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word; Mark 7:14-19 Jesus verklaar alle kosse rein). Die ou offers word saam met die verbode offers geklassifiseer as 'n gruwel vir die Here.

Die massiewe kritiek op 'n verkeerde diens van God aan die einde van Jesaja sluit aan by die begin van die boek in 1:12-17 waar al hulle offers deur die Here verwerp word. In beide gevalle is die godsdienstige handeling moontlik nie op sigself verkeerd nie, al is die taal met opset uiters skerp. In 1:12-17 is die fout dat hulle onderlinge lewenswyse daarteen vloek. Hier is dit omdat hulle nie luister na die Here nie, en nie antwoord op sy roepstem tot bekering nie (vgl 65:12; 1:18-20). Die Here soek 'n direkte persoonlike verhouding met Hom, en eeue-oue maniere van diens aan God kan nie 'n persoonlike verhouding met Hom vervang nie. Moontlik is die kras kritiek op hulle verkeerde diens aan God soos die kritiek op die tempel in 66:1-2, wat 'n dispuut is met die tempel-priester-party, wat sterk leierskap uitgeoefen het in die gemeenskap van die vroeë Judaïsme. Hulle word beskuldig dat hulle vasbeslote gekies het vir dinge wat vir die Here niks beteken nie. Die soewereine God word nooit gedwing deur rituele (kerklike gebruike en instellings) nie.

66:5 Waar verse 1-4 teen die rebelle gerig was, teen dié Jode wat die tempelkultus en offers en politieke mag herstel wil hê soos dit voor die ballingskap en in Dawid se tyd was, word vers 5 nou gerig aan dié wat getrou na die woord luister en daarvoor soveel ontsag het dat die Here hulle lewe rig in die nuwe soort lewe wat Hy van hulle vra, 'n lewe van reg en geregtigheid (59:14,15) en barmhartigheid (49:15; 58:7) teenoor alle volke (55:5; 56:7; 62:10) en alle lae van die bevolking (58:10). Die teks stel die ernstige verdeeldheid in Israel duidelik in die lig. Dié wat in 'n persoonlike verhouding met die Here leef deur te luister na sy woord, word

vervolg deur die groot deel van die volk, wat die Here wil tevrede stel met hulle offers op die altaar en hulle byeenkomste en feeste in die tempel, maar die Here se idee vir die nuwe soort lewe in geloof en vertroue op die Here en sy woord verwerp. Hulle haat die getroues en het hulle uit die tempel uitgegooi ter wille van die Here se Naam, die Naam Jahweh (Die Ek is) wat juis sy persoonlike teenwoordigheid aandui (vgl. Joh 9:22). Hulle spot die getroues uitdagend: 'Laat die Here verheerlik word, sodat ons julle vreugde kan sien' (1983 verduidelik: Laat die Here sy mag bewys dat ons kan sien waarom julle so bly is). Hulle wil sigbare magsdade van die Here sien, terwyl die getroues hulle verheug oor die Here se teenwoordigheid en volgens sy woord in vrede lewe, as geskenk van die Here (vgl. 65:18). Jesus verwys na hierdie vervolging van sy profete in die Ou Testament en van sy Nuwe Testamentiese dissipels, en ook na hulle vreugde (Mat 5:11-12).

Die yweraars vir die tempel en offerandes sal hulle skaam (1983: hulle sal ontnugter word) as hulle die vreugde van die getroues sien (die Dooie See Manuskript en die Griekse vertaling lees 'en Hy sal julle vreugde sien'). So het Jesus ellende voorspel vir die Fariseërs, die party wat hulle fanaties gewy het aan die wet van die Here, maar die sorg van die armes, geregtigheid in die samelewing en liefde vir God verontagsaam het (Luk 11:41-42).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

'n Nuwe hemel, nuwe aarde, nuwe Jerusalem (Jes 65:17-25) – Francois Malan

Hierdie verse beskryf in 'n uitgebreide visioen die nuutheid wat die Here gaan gee. Dit skilder die toekoms van die getroue dienaars van die Here wat Hom as die middelpunt van hulle lewe maak, en nie van die rebelle teen die Here se plan nie. In 65:1-15 het die verdeelheid in die gemeenskap duidelik na vore gekom. In 66:1-2 word weer verwys na die rebelle se plan met die tempel as spilpunt van Israel se lewe, en nie die Here nie. Tussen die twee verwysings na dié wat hulle eie wil wil volg, handel 65:16-25 oor die getroue dienaars van die Here.

65:17 Die gedeelte open met 'n oproep tot noukeurige aandag vir 'n belangrike aankondiging: 'Want kyk!' Die Skepper van die hemel en die aarde wat heers oor die wêreldgekiedenis praat nou, en sy besondere aandag is toegespits op Jerusalem. Hy gaan 'n nuwe bedeling skep teenoor die ou bedeling van moeilikhede en teleurstellings, 'n nuwe wat wonderbaarlik nuut is en lewe gee, weens 'n nuwe verhouding tussen Hom en sy volk. Dit het reeds geblyk in Jes 2:1-4; 4:2-6; 9:2-7; 11:1-10). 'Die vorige sal nie onthou word nie en nie in die hart opkom nie.'

Die 1983-vertaling is waarskynlik verkeerd met 'aan dié wat daar nou is' met verwysings na die huidige hemel en aarde waaraan daar nou nie meer gedink sal word nie. Die 1953-vertaling het meer korrek vertaal met 'die vorige dinge' wat verwys na vers 16 se 'vorige benoudhede' (1983 die swaarkry van vroeër), omdat dieselfde Hebreeuse word vir 'vorige' in verse 16 en 17 gebruik word.

65:18-19a Die nuwe skepping van die Here is bedoel om geniet te word. Die visie van 'n nuwe Jerusalem wek onbepaalde

vreugde en blydskap sonder maat. Die Here se doel met die nuwe skepping van Jerusalem is dat dit 'n plek van dankbare jubeling sal wees, en Hy skep Jerusalem se inwoners as 'n vreugde vir Hom en vir mekaar en vir die wêreld.

65:19b-23 Die digter noem nou die fasette van die nuwe skepping van die Here. Die langtermyn visie van die boek Jesaja is in 1:26b-27 gestel: Dan sal jy weer genoem word Stad van Geregtigheid, Getroue Stad. Sion sal vrygemaak word deur reg en dié in haar wat berou het, deur geregtigheid. Hier word dit in 'n reeks praktiese sake uiteengesit:

Stabiliteit en orde waarborg 'n lang lewe – nie meer gehuil of klagtes nie. So lank as wat die stad nog geweld en brutaliteit beoefen en daaronder ly, is geen lewe veilig nie en iemand verseker van 'n lang rustige lewe nie. 'n Stad met 'n standhoudende infrastruktuur waarin jou lewe nie elke dag 'n waagstuk is nie as gevolg van 'n ongeordende gemeenskap met swak sorg, waarin babas vroeg sterf van wanvoeding, geweld, en swak gesondheid. Die kwaliteit van lewe sal ooreenstem met die gawes van die genadige Gewer, wat vir almal wil sorg deur almal se onderlinge sorg.

Ook ekonomiese stabiliteit (21-22) met genoeg staatsorde dat mense nie hoef te vrees vir die vrug op hulle arbeid nie, soos reeds in 62:8-9 gestel is. Dit het gebeur met die strooptogte deur die invallers, of soos die rykes wat vir hulleself gevat het en die armes beroof of nie raakgesien of versorg het nie, soos Amos 5:10-12 hulle aangekla het.

Sonder rampe, klagtes en geweën, so lyk 'n samelewing wat deur die Here geseën word.

65:24 brei uit op 65:1 wat 'n egte diens aan die Here veronderstel waarin Hy sorg nog voordat Hy gevra word deur sy kinders en hulle Hom vind nog voor hulle Hom gesoek het. Die Here sal direk en onmiddellik beskikbaar wees en aandag aan die stad gee. Bo die ekonomiese stabiliteit is die basiese

verhouding met die Here die deurslaggewende faktor. Die werk van die stad is om in gemeenskap met die Here se heiligheid te lewe. Hy het gesê: Hier is Ek! (v1), maar Israel het sy rug op Hom gedraai. Maar met die nuwe skepping van die mense (vgl. Jer 31:31) is lewe in gemeenskap met die Here weer moontlik, vgl Ef 2:18: deur Christus het Jode en nie-Jode toegang tot die Vader deur een Gees; Ef 3:12 in Christus Jesus het ons deur ons geloof sekere en vrymoedige toegang tot God; vgl. Hebr 4:16.

65:25 brei uit op die tweede motief in 65:17. Die nuwe aarde wat die Here skep is nie tot Jerusalem beperk nie, maar is 'n nuwe skepping wat verbind is aan die nuwe Dawid van hoofstuk 11, wat die mees elementêre vyandighede in die skepping sal oorwin en al die ou vyandighede onder mense tot niet maak. Die wolf en die leeu en die slang sal nie meer skade aanrig nie en hulle sal nie meer vernietig op al die berge van die Here se heiligheid nie, waar die Here se teenwoordigheid, sy vrede en vreugde geniet kan word. Dat die slang egter stof sal eet, herinner aan sy straf in Genesis 3:14 en bind die visie van die nuwe hemel en die nuwe aarde nie slegs aan die ewige lewe in die hemel nie, maar ook aan die huidige lewe vir Israel. Die Here begeer 'n nuwe soort Jerusalem vir Israel ná die ballingskap, 'n stad en land waar reg en geregtigheid en barmhartigheid sal lei na vrede. Vir gelowiges ná die koms van die Christus uit die stam van Dawid (Joh 7:42; Hand 13:23; Rom 1:3) beteken so 'n nuwe soort lewe groter vreugde oor sy verlossing en die inwoning van God in en onder gelowiges om hulle te lei en te bewaar teen die aanslae van die Bose en teen hulle eie hardkoppige wil. Hulle sien ook uit na die nuwe hemel en die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem met die troon van God en die Lam in die stad, waar sy dienaars Hom tot in ewigheid sal dien en Hom sal sien (Openbaring 21-22, wat uitbrei op Jesaja 65 se visioen).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)